SAKE 24 (Beeld)
29 Apr 2011, p.22

Coronation-bates groei flink

Coronation Fund Managers verwag 'n verdienste per aandeel wat tussen 30% en 40% hoër gaan wees.

Dié batebestuurder het gister in 'n handelsverklaring gesê hy verwag ook dat sy wesensverdienste per aandeel in die ses maande tot 31 Maart tussen 20% en 30% hoër sal wees vergeleke met die ooreenstemmende tydperk verlede jaar.

In die afgelope ses maande het sy totale bates onder bestuur met 13,8% gegroei tot R231 miljard. Coronation het gesê sy bates onder bestuur, wat op 30 September 2010 bekend gemaak is, is met R5 miljard hoër aangepas tot R203 miljard om die veranderinge in 'n ooreenkoms tussen hom en Namibia Asset Managament te weerspieël.

Die maatskappy se tussentydse resultate word op 17 Mei bekend gemaak.

Sy aandele het gister laatmiddag teen R18,85 verhandel, slegs 5c laer as die jaar se hoogtepunt van R18,90. – **Niel Joubert**